



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VERSOEK OM BENOEMINGS AANSTELLING VAN TWELEDE IN DIE RAAD VAN DIE ONAFHANKLIKE KOMMUNIKASIEOWERHEID VAN SUID-AFRIKA (OKOSA)

Instellings en/of individue word hiermee versoek om persone te benoem ten einde twee vakatures in die OKOSA-raad te vul, soos bepaal ingevolge die Wet op die Onafhanklike Kommunikasieowerheid van Suid-Afrika, Nr 13 van 2000. [Soos gewysig deur die Uitsaaiwysigingswet, Nr 64 van 2002, en die Wysigingswetsontwerp op die Onafhanklike Kommunikasieowerheid van Suid-Afrika, Nr 2 van 2014].

OKOSA stel regulasies en beleidsrigtings vas om die uitsaaiwese en telekommunikasie in openbare belang te reël, ten einde regverdigheid en 'n verskeidenheid van menings te verseker, en monitor die omgewing en dwing nakoming betreffende reëls, regulasies en beleidsrigtings af, luister na en neem besluite aangaande geskille en klagtes in die bedryf, beplan en bestuur die frekwensie-omvang en beskerm verbruikers teen onregverdige sakepraktyke, swak gehalte diens en skadelike of swak gehalte produkte.

Persone wat in die Raad aangestel word, moet hulle verbind tot regverdigheid, vryheid van spraak, oopheid en aanspreeklikheid en moet verteenwoordigend wees van 'n breë deursnit van die bevolking van die Republiek en oor geskikte kwalifikasies,

- kundigheid en ervaring beskik op die terrein van, onder meer, die uitsaaiwese,
- die elektroniese kommunikasiewese en die posdiensbeleid of -bedrywighede,
- die ontwikkeling van openbare beleid, elektroniese ingenieurswese,
- die Reg, inligtingstechnologie, inhoud in enige formaat, verbruikersbeskerming,
- die onderwys,
- die ekonomie, finansies en/of enige ander kundigheid of kwalifikasies wat daarmee verband hou, en
- moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees wat permanent in die Republiek woon.

Skriftelike benoemings moet die volle naam en adres van die instelling en/of individu bevat deur wie die benoeming voorgestel word, die benoemde se skriftelike aanvaarding van sodanige benoeming en sy/haar Curriculum Vitae, wat ten minste die volgende inligting moet bevat:

- Volle naam, ID-nummer en geslag
- Kontakadres, telefoon- en faksnummers en e-posadres
- Vorige ervaring (meld datums en tersaaklike organisasies)
- Gewaarmerkte afskrifte van akademiese kwalifikasies en Identiteitsdokument.

Benoemings en navrae moet gerig word aan die Portefeuljekomitee oor Kommunikasie (Aandag: **Mnr Thembinkosi Ngoma**, Komiteesekretaris) 3de Vloer, Pleinstraat 90, Kaapstad, 8001, of per e-pos gestuur word na tngoma@parliament.gov.za of gefaks word na **0865225740**. Telefoonnavrae kan gemaak word deur **(021) 403 3733** of **0837098407** te skakel.

Die sluitingsdatum vir benoemings: Vrydag, 30 Junie 2017, om 16:00.

Neem asseblief kennis dat benoemdes aan 'n kwalifikasie-ondersoek en sekerheidsklaring onderwerp sal word. Benoemings wat laat ingedien word, sal nie oorweging geniet nie. Kandidate wat voorheen aansoek gedoen het, word aangeraai om nie weer aansoeke in te dien nie.

Uitgereik deur mnr Humphrey Maxegwana, LP: Voorsitter PK oor Kommunikasie.

Parliament. Making Democracy Work

www.parliament.gov.za